SAKE 24 (Burger Oos Kaap)
07 Nov 2012, p.14

NUWE GELD

# Mandela-banknote veiliger vir verbruiker

Verbruikers hoef nie bekommerd te wees dat die nuwe Mandela-banknoot hul lewe sal ontwrig of probleme sal veroorsaak nie.

Inteendeel, die nuwe note sal die lewe net makliker en veiliger maak, sê Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems. Hy sê die grootste rede vir die nuwe note is die nuwe en beter veiligheidskenmerke.

Volgens Sternberg toets banke en ander instellings wat kontant hanteer die nuwe reeks al maande lank. "Daar sal geen negatiewe effek vir verbruikers wees nie en ons het nie probleme met kitsbanke ondervind in die duisende toetse wat ons gedoen het nie," sê hy.

Gill Marcus, president van die Reserwebank, het gisteroggend die eerste transaksie met die nuwe banknote gedoen.

Die nuwe Mandela-banknootreeks was gistermiddag by banke en kitsbanke beskikbaar.

Die nuwe banknote is dieselfde grootte, kleur en waarde as die bestaande note.

Daar is tans R100 miljard se note in omloop en Sternberg sê die Reserwebank sou gister landwyd na groot banktakke gegaan het, die ou note verwyder en vernietig en dit met die nuwes vervang het.

Sowel die bestaande reeks note as die nuwes sal in omloop bly totdat die ou reeks stelselmatig uitgefaseer is. Hy sê dít sal jare duur, maar binne 'n jaar of twee sal gebruikers meestal nuwe note sien en gebruik.

Suid-Afrika het laas in 2005 'n nuwe vorm van die huidige note bekend gemaak en Sternberg sê dit is internasionale beste praktyk om elke ses tot agt jaar nuwe note in die stelsel in te bring.

"Dit is ook om een stap voor die vervalsers te bly," sê hy.

Die Reserwebank raai lede van die publiek aan om vertroud te raak met die nuwe veiligheidskenmerke en hul egtheid te bevestig deur die sogenaamde "sien, voel en kantel"-metode te gebruik. Banke en die kleinhandelsbedryf is vertroud met die veiligheidskenmerke sodat 'n gladde oorgang na die nuwe reeks kan plaasvind, sê die Reserwebank.

**– Niel Joubert**

**SMS ONS**

SMS jou mening na 37172. Elke SMS kos R1.